

## HOOFSTUK 1

### PROBLEEMSTELLING EN ORIËTERING

#### 1.1 INLEIDING

Stelwerk is nog altyd deur opvoedkundiges en taal-  
onderwysers as 'n belangrike komponent van die kurrikulum  
beskou. Verskeie redes kan aangevoer word:

Eerstens het dit, of behoort dit praktiese waarde te  
hê omdat elke mens elke dag van sy lewe besig is om sy ge-  
dagtes of idees te stel, en stelwerk, mondeling of skrifte-  
lik, is 'n praktiese oefening in die stel van gedagtes  
(Jooste, 1969, p.113).

'n Tweede, belangrike rede is dat by die mens 'n natuur-  
like behoefte bestaan om sy gedagtes en emosies op een of  
ander wyse te openbaar en taal is daarvoor die voor-die-  
hand-liggende medium (Stander, 1967, p.75; Board of Educa-  
tion, New York, 1952-53, p.1; Whisnant & Hassett, 1974,  
p.12). Stelwerk kan geleentheid bied daarvoor. Die ar-  
gument kan wees dat hierdie rede slegs 'n relatief klein per-  
sentasie van die mensdom geld. 'n Meer korrekte argument  
sal waarskynlik wees dat die behoefte universeel is, maar  
dat die vâárdigheid om gedagtes en emosies op skrif te stel,  
tot 'n relatief klein groepie beperk is. En dit is juis  
hier waar die belangrikheid van stelwerk weer eens na vore  
kom: Groter vaardigheid kan deur stelwerk ontwikkel word.

Stelwerk is die produk van drie vermoëns van die mens,  
naamlik sy denkvermoë, taalvermoë en kreatiewe vermoë.  
Dink is die basiese aktiwiteit (vgl. par.3.4), taal die  
medium (Bruner, 1975, p.74-76) en kreatiwiteit die stimu-  
lus, die motiverende faktor (Torrance, 1974, p.16). Om te  
bespiegel oor die belangrikheid van denke en taal vir die  
mens sou absurd wees, want dit is juis dié twee verskynsels

wat die mens van alle ander skepsele onderskei. Elke mens word gebore met 'n sekere potensiaal vir denke en taal, maar daardie potensiaal is latent en moet ontwikkel word (par.3.4). Die jongste navorsing oor kreatiwiteit dui daarop dat dit 'n universele verskynsel is wat ook ontwikkel kan word (Prinsloo, 1973, p.44-45). Stelwerk betrek dus die drie belangrikste kognitiewe faktore, wat verder sy belangrikheid beklemtoon. Dit bring ons dan by die derde rede waarom stelwerk belangrik is, naamlik omdat dit oefening is in denke, taalgebruik en kreatiwiteit.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

In geskifte oor die afgelope veertig jaar en meer kom gereeld die versugting van skrywers, opvoedkundiges en taalonderwysers: Maak die opstel tog interessanter! (V.d.Merwe, 1950, p.120; Bothma, 1959, p.5; Jooste, 1969, p.121). Dat stelwerk by 'n groot persentasie leerlinge en selfs by baie onderwysers ongewild is, lei geen twyfel nie (Langdon, 1970, p.1-4).

As stelwerk dan so belangrik is as wat in paragraaf 1.1 beweer word, is daar rede om verontrus te voel oor die ongewildheid, want dit sal beteken dat die waarde van stelwerk as opvoedingsmiddel grootliks verdwyn; dat 'n belangrike geleentheid vir leerlinge om hulle kognitiewe vermoëns te ontwikkel tot niet gaan.

Op die vraag waarom stelwerk ongewild is, is daar meer as een antwoord. Vir die onderwyser lê die ongewildheid en frustrasie in die baie werk wat gedoen word met die voorbereiding, aanbieding en nasien, en die min vrug wat hulle op die arbeid sien. Elke taalonderwyser is maar te bewus daarvan dat leerlinge wat hoë punte behaal, dit in elk geval waarskynlik sou behaal het, sonder

die hulp van die onderwyser! Vir die leerlinge is die oorsaak van die ongewildheid die feit dat hulle 'n betreklik moeilike opdrag kry, dit na die beste van hulle vermoë uitvoer, maar selfs met die meeste inspanning bly die punte maar ongeveer dieselfde en word dieselfde foute oor en oor gemaak.

Om in 'n paar sinne die redes te probeer aanvoer waarom daar min vrug op die arbeid is en waarom die foute herhaal word en die punte konstant bly, sou 'n oorvereenvoudiging van 'n baie komplekse probleem wees. Nogtans kan in baie algemene terme gestel word dat die onderrig oneffektief of verkeerd is en dat die leerlinge nie belang stel nie of nie in staat is om die opdrag volgens die verwagting van die nasiener uit te voer nie.

Die opmerkings in die vorige paragraaf vereis verdere bespreking. Onderrig van stelwerk behels die gee van onderwerpe, aanwending van onderrigtegnieke en toepassing van opvoedkundige beginsels, nasien en evaluering van die gelewerde produk.

Vir die keuse van onderwerpe stel sprekers en skrywers deurgaans een vereiste: dit moet binne die "ervaringsveld" van die leerling val (Gordon, s.j., p.21, 126, 150; Hook, s.j., p.12; Board of Education of New York, 1952-53, p.1).

Die metode wat gevolg word, kom met 'n aantal variasies ongeveer op die volgende neer: Die onderwerp word aan die leerlinge gegee. Daarna word dit bespreek, dit wil sê die leerlinge gee idees en gedagtes oor die onderwerp. Soms word hierdie gedagtes aangestip, geselekteer en gegroepeer en dan word die leerlinge aan hulle self oorgelaat om die opstel te skryf. Dikwels volg nog die waarskuwing om nie te skryf wat bespreek is nie, maar om "oorspronklike" werk

te lewer!

Die nasien en evaluering bestaan uit die aanduiding van foute - spelfoute, leestekenfoute, taalfoute, konstruksiefoute, redenasiefoute en dies meer (Mans, 1972, p.54-68). Uiteraard het hierdie foute invloed op die punt wat aan die opstel toegeken word, maar die nasiener verkeer in 'n dilemma omdat swak spelling nie noodwendig 'n bewys van 'n gebrek aan taalvaardigheid is nie, leestekengebruik nie altyd gebonde is aan reëls nie en dikwels eerder stylmiddele is (Mans, 1974, p.9-11), afwykings van gewone taalpatrone of afwesigheid van logiese redenasies juis die skeppinge van 'n kreatiewe gees mag wees (De Bono, 1973b, p.39-43).

Wat die leerlinge betref, is dit logies om te verwag dat 'n sekere persentasie van nature teensinnig sal wees, veral as die werk redelike geestelike inspanning verg (Gordon, s.j., p.101). Dit is egter ook so dat die meeste leerlinge positief staan teenoor hulle werk en graag sou wou verbeter en presteer. Dit is dan wanneer die vraag onwillekeurig kom: Kan die leerlinge hierdie opdragte uitvoer? Om dit te koppel aan die geliefkoosde term: val 'n onderwerp binne die "ervaringsveld" van die leerling?

Die vraag is nou: Wat word bedoel met hierdie "ervaringsveld", wat klaarblyklik 'n belangrike voorwaarde vir stelwerk vorm? Die meeste skrywers bedoel daarmee vir die leerling bekende situasies of voorwerpe wat hy sintuiglik waargeneem of "ervaar" het. Dit kan egter ook "bekende" voorgestelde of fiktiewe situasies of voorwerpe wees. Wat die meeste skrywers, sprekers en onderwysers egter uit die oog verloor, is dat dit ook en veral kognitiewe faktore - denke, taal, kreatiwiteit, intelligensie ensovoorts betrek, want 'n mens neem nie net met jou sintuie waar nie, maar ook met jou gees. Daar kan eers werklik van

"ervaring" sprake wees as dit deur die individuele menslike gees verwerk en tot sy eie gemaak is.

Nou neem die probleem 'n ander wending: Is daar nie dalk inherente tekortkominge en gebreke by leerlinge wat veroorsaak dat hulle nie in staat is om die opdragte (of minstens dan sommige) uit te voer nie? Is die "ervaring" waarvan skrywers oor taalonderrig en taalonderwysers praat nie dalk sterk gekoppel aan kognitiewe faktore nie?

As dit so is, sal die onvermoë om 'n opstel te skryf in die gehalte van die opstel gereflekteer word en dus deur die punt weerspieël word. So kan die punt dalk dui op 'n verband tussen kognitiewe faktore en die stelwerkpunt.

Die doel van hierdie navorsing is dan om veral die invloed van die denkvlak, taalaanleg en kreatiewe vermoë van die standaard 6-leerlinge op hulle stelwerk te bepaal.

### 1.3 METODE VAN ONDERSOEK

Twee metodes van ondersoek sal gevolg word:

'n literatuurstudie;

'n empiriese ondersoek.

Die literatuurstudie sal hoofsaaklik toegespits wees op 'n ontleding van bestaande navorsing oor die denkontwikkeling van die leerlinge in die junior sekondêre skoolfase. Verder sal die verwantskap tussen denke en taal en denke en kreatiwiteit deeglik nagevors word.

Die empiriese ondersoek behels die volgende:

Twee opstelle van verskillende tipes sal deur 'n verteenwoordigende groep leerlinge geskryf word. Dieselfde leerling sal ook 'n denkvlaktoets en 'n kreatiwiteitstoets skryf. Verder sal hulle sosio-ekonomiese milieus deur middel van 'n vraelys bepaal word en hulle IK., Verbaal, Nie-Verbaal en Totaal, van die Ed.Lab. 1-kaarte gekry word. Ook die geslag word in aanmerking

geneem.

Vier punte word by elke opstel toegeken, naamlik:

- . vir inhoud en styl;
- . vir taal en idioom;
- . vir spelling en punktuasie;
- . 'n totale punt.

Die kreatiwiteitstoets gee drie punte: vir vlotheid, oorspronklikheid en aanpasbaarheid.

Die relatiewe invloed van elk van hierdie faktore op die totale opstelpunt en op elk van die onderafdelings sal bereken word deur van meervoudige regressieanalise gebruik te maak.

Hoofstuk 2 sal 'n uiteensetting wees van die denkontwikkeling van die adolessent met besondere aandag aan die denkontwikkeling van die junior sekondêre leerling. As basis vir hierdie studie word die teorieë van Piaget gebruik.

In Hoofstuk 3 word ondersoek wat die verband tussen taal en denke is en na aanleiding van die afleidings gemaak in die vorige hoofstuk oor die denkontwikkeling van die junior sekondêre leerling sal die implikasies daarvan vir die taal van hierdie leerlinge gestel word.

Die verband tussen denke en kreatiwiteit word in Hoofstuk 4 bespreek, asook die rol van taal as medium vir 'n kreatiewe produk. Dit word gebruik om te bepaal in watter mate die junior sekondêre leerling sy kreatiewe vermoëns sal kan aanwend by stelwerk.

In Hoofstuk 5 word bespreek in watter mate die drie kognitiewe faktore verantwoordelik kan wees vir leemtes by leerlinge se stelwerk.

Hoofstuk 6 bestaan uit 'n ontleding van die Transvaal

Onderwysdepartement-sillabus vir Afrikaans Moedertaal vir standerds 5, 6 en 7. Die sillabus word getoets aan die denk- en taalontwikkeling en kreatiwiteit van die junior sekondêre leerlinge om te kan vasstel of daar nie onuitvoerbare voorskrifte in voorkom nie. In die lig van al die inligting wat tot sover bekom is, word hipoteses afgelei.

Hoofstuk 7 is 'n uiteensetting van die metode van ondersoek, met spesiale aandag aan die meetinstrumente wat gebruik word, die aanwys van die proefpersone en inligting oor die statistiese tegnieke.

Hoofstuk 8 is 'n opsomming en bespreking van die navorsingsresultate.

In Hoofstuk 9 volg 'n samevatting van die bevindings en sekere algemene afleidings word gemaak, asook aanbevelings in verband met sekere aspekte.